

Liewe Vriende

Terwyl die jaar vinnig onder ons uitgly, is ons so intens bewus van ons Vader se sorg en voorsiening hier by Pharos. Juis hier waar ons dikwels die nood so vierkantig in die oë staar ...

Daarom is ons so diep dankbaar vir elkeen wat op sy of haar unieke wyse `n bydrae lewer - hetsy finansieel, kos, klere, of op watter ander wyse ookal - om ons hande te sterk en ons in staat te stel om te volhard in ons werk.

Ons **Trudreams-projek** het vanjaar onder die bekwame leiding van Hester Burger groot hoogtes bereik! Ons het twee radio-praatjies gehad wat goeie vrugte afgewerp het en Groot FM het Pharos gekies as die organisasie deur wie hulle mense wil help. Sodoende kon ons verskeie matrikulante help om hulle Matriekafskeiddrome te verwesenlik.



Deur middel van effektiewe bemerking kon ons ook belangstelling lok van mense wat kan bekostig om ons pragtige aandrag te huur. Die huurinkomste kon ons weer aanwend om broodnodige behoeftes van ons kliënte aan te vul.

Die **Pharos-groentetuin** vorder fluks en ons is dankbaar vir Cornel Wentzel wat as landskapargitek ons kon help om die voorbereiding vir die besoek van ons donateurs - Ford Motor Maatskappy. Vir `n tweede agtereenvolgende jaar het Ford VSA se Global Giving Fund besluit om ons *Life Skills*-Projek vir hawe- en werklose manne te befonds en spesifiek vir `n groentetuin.

Die tweede fase van die projek wat eersdaags begin, is die opleiding van `n groep manne in tuinboukundige vaardighede wat deur Chris en Sandra van Staden gedoen sal word, in samewerking met Cornel. Die idee is dus om mense te bemagtig om meer selfversorgend te kan funksioneer, terwyl



hulle steeds wag vir werksgeleenthede in die plaaslike gemeenskap.



Groot was ons verbasing toe **ABSA se Credit Lending CSI** Pharos gekies het as een van vier *Charities* aan wie hulle tydens hulle *Golf-dag* by Woodhill Country Club R20 000 geskenk het! Hierdie wonderlike meevaller saam met ander donasies maak dit vir ons moontlik om die nood te verlig van mense wat moed opgegee het in die lewe en nie meer kans sien om voort te gaan nie.

Ons waardeer almal se betrokkenheid en positiewe meelewing ongelooflik baie. Dit beteken vir ons so baie om te weet ons kan altyd staat maak op die wonderlike steun van ons vriende!

Saam is ons net soveel beter en sterker!!!

PHAROS-LIEFDE EN GROETE